

Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die boodskap van יהוה-God is wat vlees geword het! Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende ‘man hu’ wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!!

Parashah 21: *Ki Tisa* – Oplig

יהוה het met Moshe gepraat en gesê: “As jy die volle getal van die kinders van Yisra’el opneem om hulle te tel, moet elke man loskoopgeld vir sy lewe aan יהוה gee wanneer hulle getel word sodat daar geen plaag onder hulle sal wees wanneer hulle getel word nie. Ex. 30:11-12 – PWL¹

Torah: Exodus 30:11 tot 34:35.

Haftorah: 1 Kon. 18:1 tot 39.

Nuwe Verbond: Hand. 7:39-42; Hand. 17:29-31; 1Kor. 6:9-11; 1Kor. 8:4-13; 1Kor. 10:1-3; 2 Kor. 6:14 tot 7:1; Heb. 3:1-6; Heb. 4:9.

Hierdie notas is aanvullend tot vorige notas vir Parashah 21 wat afgelaai kan word by:
http://nuwelied.info/?page_id=1182

People do not believe lies because they have to, but because they want to! – Malcolm Muggeridge.

Sometimes we should express our gratitude for the small and simple things like the scent of the rain, the taste of your favorite food, or the sound of a loved one's voice. – Joseph B. Wirthlin.

Nothing is more memorable than a smell. One scent can be unexpected, momentary and fleeting, yet conjure up a childhood summer beside a lake in the mountains. – Diane Ackerman.

Torah Bespreking

Hersiening

In die openingswoorde van verlede week se Torahskriflesing het ons in Ex. 27:20-21 gelees van die opdrag met betrekking tot die olyfolie vir die goue kandelaar, naamlik dat die seuns

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

(kinders) van Yisra'el suiwer uitgestampte olyfolie na Mosheh moes bring. Die hele Yisra'el was verantwoordelik vir die bring van die suiwer uitgestampte olyfolie, en nie net sommige of 'n uitgesoekte groepie nie! Elkeen van Yisra'el is dus verantwoordelik vir die vervaardiging van die suiwer olyfolie en om dit dan na Mosheh te bring wat dit aan Aharon gegee het vir gebruik in die goue kandelaar.

Die Torah kan vergelyk word met die suiwer uitgestampte olyfolie wat deur יהוה se vuur – die Afgesonderde Gees – aan die “brand gesteeke” word om die Lig te wees waarin ons wandel. (Ps. 119:105; Spr. 6:23).

In die afgelope twee weke se Torahskriflesings het יהוה aan Mosheh die instruksies gegee vir die bou van die tabernakel. Hierdie week se Torahstudie bevat verdere instruksies vir die bou van hierdie afgesonderde plek, die Tent van Samekoms, wat die middelpunt van Yisra'el se swerftog in die wildernis sou wees en waar יהוה in die midde van Sy volk sou woon.

Afgesonderde Salfolie

In hierdie week se Torahskriflesing ontvang Mosheh ook die instruksies vir die voorbereiding van afgesonderde salfolie. Ons lees in Ex. 30:22-25 van die bestanddele wat in hierdie salfolie moes wees:

22 יהוה het verder met Mosheh gepraat en gesê:

23 “Wat vir jouself van die beste speserye: vyf honderd sikkels vloeibare mirre en die helfte soveel, twee honderd en vyftig sikkels, soet geurige kaneel en twee honderd en vyftig sikkels soet geurige kalmoes

24 en vyf honderd sikkels kassie, volgens die sikkel van die Afgesonderde plek en 'n hin olyfolie

25 en maak daarvan afgesonderde salfolie, 'n salfmengsel soos 'n salfmenger dit maak; dit sal 'n afgesonderde salfolie wees.

Die Hebreeuse werkwoord vir *salf*, naamlik *om iemand te salf*, is *mashach* (משח) en dit is ook die grondwoord vir *Messias, dié Gesalfde Een (Mashiach)*. Volgens Strong's Hebrew and Greek Dictionaries (H4886) beteken *mashach* dan ook *om met olie gevryf te word*. Hierdie gedagte word ook vervat in die Grieks waar die woord *salwing (chrisma)*, soos ondermeer in 1Joh. 2:20 en 27 gebruik word, verwys na *olie, smeersel* en *om met olie gevryf te word*.

Die gebruik om iemand te salf deur olie op sy hoof te giet was simbolies van die inhuldiging of die ordinerings (bevestiging, inseëning, toewyding) van daardie persoon vir 'n spesifieke taak of roeping. In die Afgesonderde Skrifte lees ons dat priesters (Ex. 28:41; Ex. 30:30), konings (1Sam. 10:1) en profete (1Kon. 19:16) gesalf was en sodoende afgesonder was vir dienswerk in die gemeenskap en in יהוה se Koninkryk.

Plekke en gebruiksartikels was ook gesalf wanneer dit afgesonder (geheiligh, toegewy) word vir יהוה. So lees ons byvoorbeeld in Ex. 30:22-25 dat die bereide salfolie gebruik was om die Tent van Samekoms (die tabernakel), asook alles wat daarin is te salf (Ex. 30:26-28). Ons lees ook in Ex. 40:9-11 dat Mosheh op die dag wat hy die Tent van Samekoms opgerig het, alles gesalf het met die salfolie:

9 Jy moet die salfolie neem en jy moet die tent en alles wat daarin is salf en dit afsonder met alles wat daarby hoort en dit sal afgesonderd wees.

10 Jy moet ook die brandofferaltaar salf met al sy bybehore en jy moet die altaar afsonder en die altaar sal heeltemal afgesonderd wees.

11 Salf die kom en sy voetstuk en sonder dit af.

Wanneer daar op יהוה se bevel 'n persoon gesalf was vir 'n bepaalde bediening, het God ook daardie persoon deur die Afgesonderde Gees bemagtig om die taak te kan verrig.

Toe vat Sh'mu'el die horing met olie en self hom tussen sy broers en die Gees van יהוה het van dié dag af aan kragtig oor Dawid gekom. 1Sam. 16:13.

יהוה gee dus Sy gesalfdes die outoriteit en die vermoë om sy of haar roeping, of bediening, suksesvol uit te voer!

Met verwysing na Yeshua lees ons in Jes. 61:1-2 van Yesha'yahu se profetiese uitspraak:

¹ Die Gees van יהוה-God is op My omdat יהוה My gesalf het om goeie nuus te bring aan die geteisterdes; Hy het My gestuur om die gebrokenes van verstand, wil en emosie op te bind, om vryheid vir die weggevoerdes te verklaar en loslating vir gevangenes.

² om die jaar van guns van יהוה aan te kondig en die dag van die wraak van ons God; om almal wat treur te troos,

Yeshua is יהוה se Gesalfde (*Mashiach*) en is dus 'n gevolmagtigde en 'n bemagtigde om die gebrokenes van verstand, wil en emosie op te bind, om vryheid vir die weggevoerdes te verklaar en loslating vir gevangenes. Yeshua was die vleesgeworde onverdiende guns van God en Hy het die outoriteit en salwing ontvang om namens God op te tree!

Elkeen wat met die hart (verstand, wil en emosie) glo, en met die mond bely dat Yeshua dié Gesalfde Een is, is deur יהוה gesalf om in en deur Yeshua dienswerk in Sy Koninkryk te verrig. Yoganan verduidelik dit soos volg:

Ook vir julle: dat as julle bly in die Salwing wat julle van Hom ontvang het, julle niemand nodig het om julle te leer nie, maar soos die Salwing wat van God is julle aangaande alles leer en waar is en daar geen leuen in Hom is nie en soos Hy julle geleer het, so moet julle in Hom bly. 1Joh. 2:27.

Jy en ek is as יהוה se gesalfde (*mashiach*) dus 'n gevolmagtigde en 'n bemagtigde wat in die diens van ons Vader staan! As Sy gesalfdes het ons die outoriteit en die vermoë om ons roeping of bediening suksesvol in en deur Yeshua uit te voer!

Hoewel ons as die gesalfdes van יהוה gereken word, is ons nie die titel van gesalfde waardig nie, want daar is slegs een aan wie hierdie titel gegee is, naamlik aan Yeshua! Hy is die *Mashiach*, dié Gesalfde Een van יהוה-God!

Die salwing van die priesters, konings en profete was 'n eenmalige gebeurtenis. So ook het ons die salwing in die vorm van vulling met die Afgesonderde Gees eenmalig ontvang. Daarom is die salwing nie iets wat kom en gaan nie. Nee, wat wel verander is die manifestasie daarvan in ons lewe volgens die omstandighede en behoeftes vir elke situasie.

In ons Torahskriflesing van hierdie week lees ons van die salfolie wat afgesonder vir יהוה was. Maar ons moet ook besef dat die gebruik van self en olie deel was van Yisra'el se daaglikse lewe. Hierdie salwe en olie het natuurlike bestanddele bevat en was vir kosmetiese, higiëne en medisinale doel aangewend, asook vir die voorbereiding van die liggaam van afgestorwenes.

Olyfolie was die mees algemene olie wat daaglik deur Yisra'el in huishoudings gebruik was. Maar ons moet ook besef dat Yisra'el van ouds bekend was met die gebruik van sekere

essensiële olies² en natuurlike ‘gomme’ (harpuis; *resins*)³ soos wat bewys word deur die “formulering” van die afgesonderde salfolie. Hierdie essensiële olies en natuurlike “gomme” was as sulks vir kosmetiese en medisinale gebruik aangewend of dit was met olyfolie gemeng om die gebruik en aanwending te vergemaklik.

Daarom was ‘n geskenk van goud, wierook en mirre geskik vir konings soos wat bevestig word deur die geleerde (wyse) manne⁴ uit die Ooste.

Hulle het die huis ingegaan en die Seun by Miryam, sy moeder, gesien en neergeval en aan Hom eer betoon. Hulle het hulle skatte oopgemaak en vir Hom geskenke van goud, mirre en wierook aangebied. Matt. 2:11.

Die voedingwetenskap is al vir ‘n geruime tyd bekend met die gesondheidsvoordele van olyfolie as voedselbestanddeel. Daarom behoort olyfolie ook deel van ons daaglikse dieet te wees! Maar dit is eers redelik onlangs dat die ander medisinale voordele van olyfolie toenemend ontdek en toegepas word.

Essensiële olies is deur יהוה aan die mens as ‘medisyne’ gegee vir genesing en vir goeie gesondheid. Vandag word die waarde en alledaagse gebruik van hierdie essensiële olies as te ware herontdek! Daarom is daar deesdae baie inligting beskikbaar oor die essensiële olies soos dit in die Skrif voorkom.

Die ware betekenis van salwing met olie het egter deur die eeue verlore geraak en baie min gelowiges besef vandag dat dit veel meer as net simboliese betekenis het! In die lig hiervan kry teksverse soos Jak. 5:14-15 nuwe betekenis:

14 Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die oudstes van die gemeente roep en laat hulle oor hom bid en hom in die Karakter en Outoriteit van ons Meester met olie salf
15 en die gebed van vertrouwe sal die sieke gesond maak; ons Meester sal hom herstel en as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word.

Dit is hedendaagse gebruik om ‘n persoon wat siek is te salf deur ‘n druppeltjie olie op die voorkop te plaas en dan ‘n gebed te doen. Was dit wat Ya’acov bedoel het in sy brief? Dink aan die betekenis van die woord *mashach* soos aan die begin verduidelik is, naamlik *om met olie gevryf (masseer) te word*. Daarom is daar sinvolle rede dat “met olie salf” in hierdie teksvers beteken dat die persoon wat gesalf word ‘n massering ondergaan op die deel van sy liggaam wat ongesteld is. Dit behels dat ‘n mengsel van essensiële olies ingevryf word deur middel van die tegniek van massering. Hierdie massering met essensiële olies was ‘n algemene praktyk waarmee Yisra’el ook bekend was! Ter stawing kan Yeshua se opdrag aan die twaalf wat Hy uitgestuur het (Mark. 6:12-13) ook hiermee saam gelees word:

12 Hulle het uitgegaan en verkondig dat mense moet omdraai van hulle sondes na God toe
13 en hulle het baie bese geeste uitgedryf, baie siekes met olie gesalf en hulle genees.

² ‘n Eenvoudige definisie van ‘n essensiële olie is die ekstrak wat die ‘essensie’ (aftreksel) van die betrokke plant is, naamlik die belangrikste en mees effektiewe bestanddeel van daardie plant.

³ ‘n Eenvoudige definisie van ‘gomme’ (harpuis; *resins*) is ‘n bestanddeel wat deur sommige plante uitgeskei word en dan as olie geëkstraheer word en daarom ook as essensiële olie beskou word. Die bekendste is wierook en mirre. ‘n Salfmenger het oor die kundigheid beskik om essensiële olies te ekstraheer en tot salfolie en salf te vermeng.

⁴ Hierdie geleerde (wyse) manne sou vandag as wetenskaplikes bestempel word. Hulle het oor kennis en vaardighede beskik wat nie alledaags was nie! Volgens Strongs G3097 is dit ‘n Oosterse wetenskaplike wat ook soms as ‘n towenaar beskou was.

Die onderwerp van essensiële olies as salfolie en aroma, veral vir genesing en algemene gesondheid is baie omvattend en is rede vir verdere selfondersoek. Dit vorm deel van die feit dat ons liggaam 'n tempel van die Afgesonderde Gees is en dat ons elkeen die verantwoordelikheid het om ons liggaam te versorg, veral deur die gebruik van natuurlike middels wat deur Vader-God voorsien is.

Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die oudstes van die gemeente roep is 'n eeu-oue Joodse beginsel. In die verband het Rabbi Simeon gesê: *“What should a man do who goes to visit the sick? Answer: He who studies to restore the health of the body, should first lay the foundation in the health of the soul. The wise men have said, No healing is equal to that which comes from the word of God and prayer* (Sepher Hachaiyim).

Maar ons moet nooit vergeet dat ons deur die wonde van dié Gesalfde van God genees is nie! In Sy Naam (Karakter en Outoriteit) is daar salwing en genesing!!

16 Toe dit aand geword het, het hulle baie na Hom toe gebring wat van demone besete was en Hy het hulle demone met 'n woord uitgedryf en almal wat siek was, het Hy gesond gemaak.

17 So is vervul wat gesê is deur Yesha'yahu, die profeet, wat gesê het: “Hy sal ons pyn wegvat en ons siektes dra.” Matt. 8:16-17.

Ons moet nooit vergeet nie dat genesing met of sonder medikasie, en genesing met of sonder 'n chirurgiese ingreep, is altyd die onverdiende guns van יהוה!

Daarom moet die Skriftuurlik gebruik van essensiële olies en aromas nie verwar word met, of vervang word deur, alternatiewe 'New Age' terapeutiese praktyke nie. Ons moet altyd onthou dat יהוה is ons Geneesheer. Hy is יהוה-Rafah.

“As julle getrou na die stem van יהוה, julle God, luister en doen wat reg is in Sy oë, luister na Sy opdragte en al Sy wette hou, dan sal Ek geneen van die siektes op jou lê wat Ek op die land van Mitzrayim gelê het nie, want Ek, יהוה, is die Een wat jou gesond maak.” Ex. 15:26.

Dit herinner ons aan die loflied van Dawid!

1 Loof en eer יהוה, o my lewe en alles wat binne-in my is, loof en eer Sy Afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit)!

2 Loof en eer יהוה, o my lewe en moenie al Sy dade vergeet nie:

3 wat al jou morele boosheid vergewe, wat al jou siektes genees;

4 wat jou lewe losgekoop het van vernietiging; wat jou kroon met goedheid en liefdevolle omgee;

5 wat jou mond versadig met goeie dinge sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend. Ps. 103:1-5

‘n Aangename Geur!

Die Afgesonderde Skrifte verwys na self, salfolies en aromas in verskeie teksverse. Soos reeds genoem, lees ons in hierdie week se Torahskriflesing van die salfolie wat voorberei moes word om die priesters, die tabernakel en alles in die tabernakel mee te self. Hierdie salfolie is יהוה se ‘formule’ waarop Hy die alleen ‘patentreg’ het en mag daarom vir geen ander doel aangewend word nie. Daarom het God vir Mosheh gesê:

31 Jy moet met die seuns van Yisra'el praat en sê: ‘Hierdie moet vir My 'n afgesonderde salfolie wees reg deur julle geslagte.

32 Dit mag nie op 'n mens se vlees uitgegooi word nie; julle mag ook nie volgens dieselfde voorskrif nog maak nie. Dit is afgesonder en dit moet vir julle afgesonder wees.

33 Wie ook al so iets meng of enige daarvan aan 'n onbevoegde laat kom, moet uit sy volksgenote afgesny word.” Ex. 30:31- 33.

Hierdie salfolie is 'n sinnebeeld van die Afgesonderde Gees en is alleenlik bestem vir יהוה se koninklike priesterdom (1Pet. 2:9). Op *shavuot* (pinksterdag) is die salfolie van die Afgesonderde Gees op die hoofde van die getroue volgelinge van Yeshua uitgegiet! Hierdie 'salfolie' gee 'n aangename geur af. Daarom skryf Paulus:

14 Dank aan God wat ons, altyd in eenheid met dié Gesalfde Een, 'n skouspel maak en deur ons, die aangename reuk van Sy kennis op elke plek bekend maak,

15 want ons is die aangename soet geur in dié Gesalfde Een tot God onder die wat lewe het en onder die wat besig is om verlore te gaan; 2Kor. 2:14-15.

In ons Torahskriflesing van hierdie week lees ons ook in Ex. 30:34-38 van die wierook wat voorberei moes word vir gebruik in die tabernakel.

34 יהוה het ook vir Mosheh gesê: “Wat speserye: storaksgom, naeltjies en galbanum en ook suiwer wierook saam met die speserye; alles in gelyke hoeveelhede

35 en maak daar reukwerk van, 'n mengsel soos die salfmenger dit maak, met sout gemeng, suiwer en afgesonder.

36 Vryf 'n gedeelte daarvan heeltemal fyn en sit 'n deel daarvan neer voor die Getuienis in die Tent van Ontmoeting, waar Ek met jou sal ontmoet. Dit sal heeltemal afgesonderd wees vir julle.

37 Julle mag nie vir julleself van die reukwerk wat jy maak, na dieselfde voorskrif, maak nie. Dit moet vir julle afgesonder wees tot יהוה.

38 Wie ook al enige van dieselfde maak om as parfuum te gebruik, moet uit sy volksgenote afgesny word.”

Hierdie wierook is elke oggend en aand op die smeulende kole van die reukaltaar deur Aharon aan die brand gestee.

7 Aharon moet elke oggend reukwerk van speserye daarop brand; wanneer hy die lampe doof, moet hy dit aan die brand steek

8 en wanneer Aharon teen sonsondergang die lampe opsteek, moet hy dit brand as 'n voortdurende reukwerk voor die Teenwoordigheid van יהוה; reg deur julle geslagte.

9 Julle mag geen vreemde reukwerk of brandoffer of graanoffer daarop bring nie. Julle mag ook geen drankoffer daarop uitgooi nie. Ex. 30:7-9.

In Efes. 5:1-2 lees ons dat Yeshua se bereidwilligheid om Homself as offer en slagoffer vir ons te gee, soos die wierook is wat as lieflike geur voor God gebrand word.

1 Wees julle daarom nabootsers van God soos kinders vir wie Hy lief is

2 en leef in liefde, net soos Die Gesalfde Een ons ook liefgehad het en Homself vir ons oorgegee het as 'n offer en slagoffer aan God tot 'n soet reuk,

Daarom: Vertrou in die versoeningswerk van Yeshua aan die folterpaal en gehoorsaamheid aan יהוה se Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is, is soos die wierook wat op יהוה se reukaltaar gebrand word en 'n lieflike geur (aroma) afgee.

Mag ons hartsbegeerte ook wees om soos goud, wierook en mirre vir ons Koning te wees (Matt. 2:11). En mag ons ook soos baie kosbare nardussalf wees waarmee ons die voete van ons Koning salf sodat die hele huis van יהוה gevul mag word met die reuk van die salf (Joh. 12:3).

Ons word ook daaraan herinner om nie soos Nadav en Avihu vreemde reukwerk en vreemde vuur voor die aangesig van יהוה te bring nie, want dit sal ons geestelike dood beteken (Lev. 10:1)!!

Bepeins of Bespreek

1. In Jes. 45:1 word koning Koresh van Persië יהוה se gesalfde genoem en tog was hy 'n heidense koning! Beteken dit dat יהוה ook ongelowiges (heidene) kan salf en in Sy Raadsplan kan gebruik?
2. Mense kom dikwels vir gebed vir genesing sonder om bereid te wees om afstand te doen van hulle verkeerde eetgewoontes en ongesonde lewenstyl. Sal יהוה so 'n persoon genees? Het die mens 'n bydrae om te maak tot sy genesing en algemene gesondheid?
3. Lees weer 2Kor. 2:14-16, en veral vers 16 wat lees: *vir die laaste die stank van dood tot die dood en vir die eerste 'n aangename reuk van die lewe tot die lewe*. Vir diegene wat verlore gaan, naamlik geestelik dood is, ruik ons soos die dood! Kan dit in verband gebring word met die wat ons vervolg omrede ons Torahgehoorsaam is? Hoekom is ons nie vir hulle 'n lieflike geur nie?
4. Is "aroma terapie", naamlik die helende en kalmerende, asook emosionele uitwerking wat sekere reuke (aromas) op die mens het, Skriftuurlik? Verwys ondermeer na Ps. 45:7-8; Spr. 7:17; Spr. 27:9., Hooglied 1:3 en Hooglied 4:10. Wat van die brand van wierook? Hoekom word dit deesdae meesal met afgodery verbind, terwyl daar verskeie Skrifverwysings is dat in Yisra'el van ouds algemene praktyk was?
5. Vir diegene wat belangstel om meer te weet oor die essensiële olies wat in die Skrifte genoem word, word die volgende vir 'n begin aanbeveel:
 - Top 12 Essential Oils of the Bible <https://www.youtube.com/watch?v=jnpxl9OFIGg>
Hierdie is 'n kort video van 10 minute met interessante medisinale gebruik van essensiële olies.
 - Die boek "Healing Oils of the Bible" deur David Stewart word aanbeveel vir 'n meer volledige studie oor die onderwerp: Die boek kan by Amazon bestel word: <https://www.amazon.com/Healing-Oils-Bible-David-Stewart/dp/0934426988>

Goue Kalwers Van Die Lewe!

Die belangrikste gebeurtenis in hierdie week se Torahskriflesing is die aanbidding van die goue kalf wat die verbreking van die bloedverbond was wat יהוה met hulle gesluit het, en waarvan ons in Ex. 19:1 tot 24:11 lees. Yisra'el het die woorde van Aharon geglo toe hy, verwysend na die goue kalf, gesê het: *Dit is jou god, o Yisra'el, wat jou uit die land van Mitzrayim laat optrek het* (Ex. 32:4), asook geglo het dat hulle 'n fees hou tot eer van יהוה (Ex. 32:5).

Die aanbidding van die goue kalf bevat 'n baie belangrike lewensles waarvan ons elkeen deeglik kennis moet neem en met ernstige versigtigheid seker moet maak dat ons nie

dieselfde fout as Yisra'el van ouds maak nie! Daarom skryf ek jaarliks in my notas hieroor – as voortdurende herinnering!!

Die vraag is: Aanbid jy dalk 'n goue kalf sonder dat jy daarvan bewus is? Waarskynlik sal jy, net soos toe ek die eerste keer hiermee gekonfronteer was, vinnig wees om 'Nee' te antwoord. En tog vereis hierdie vraag van ons elkeen om eers ernstige selfondersoek te doen alvorens ons antwoord. Dit is nodig om in die lig van die goue kalf wat Aharon vir Yisra'el gebou het, en die rede hoekom hy dit gedoen het, eers te besin voor jy antwoord.

Begaan ons nie dikwels die dieselfde fout as Aharon en die volk Yisra'el nie? Bou ons nie ook dikwels 'n goue kalfbeeld en aanbid dit in die oortuiging dat dit die ware Lewende God van Avraham, Yitz'gak en Ya'akov is wat ons dien nie?

Ons lees in Ex. 32:1-5 die volgende:

1 Toe die volk sien dat Mosheh lank vat om van die berg af te kom, het die volk by Aharon bymekaargekom en vir hom gesê: “Staan op, maak vir ons gode wat voor ons uit sal gaan, want hierdie Moshe, die man wat ons uit die land van Mitzrayim uitgebring het, ons weet nie wat van hom geword het nie.”

2 Aharon sê vir hulle: “Haal die goue ringe af wat aan die ore van julle vroue, julle seuns en julle dogters is en bring dit vir my.”

3 Die hele volk het die goue ringe, wat aan hulle ore was, afgehaal en dit na Aharon gebring.

4 Hy het dit uit hulle hand gevat en dit met 'n beitel bewerk totdat hy daarvan 'n gegote kalf gemaak het. Hulle het gesê: “Dit is jou god, o Yisra'el, wat jou uit die land van Mitzrayim laat optrek het.”

5 Toe Aharon dit sien, het hy 'n altaar voor dit gebou en Aharon het uitgeroep en gesê: “Môre is 'n fees tot eer van יהוה.”

Het Yisra'el werklik geglo dat hierdie kalfgod die ware Almagtige Skepper-God is? Het Yisra'el vir יהוה totaal verwerp deur 'n kalfgod te bou en te aanbid? Die antwoord op beide hierdie vrae is 'Nee'. Yisra'el het bloot geglo dat hierdie kalfgod יהוה verteenwoordig. Hulle het geglo dat die Karakter en Outoriteit van יהוה deur hierdie kalfgod verteenwoordig word. Yisra'el was oortuig dat hierdie kalfgod יהוה hulle Verlosser van die Egiptiese slawejuk verteenwoordig!

Wat was die oorsaak van hierdie misleiding? Die volgende is die mees waarskynlike rede: Die mens het weens sy sondige aard die geneigdheid om 'n god te wil dien wat volgens eie maatstaf en standaard is. Ons almal is geneig om vir ons 'n kalfgod te wil maak. Die rede is dat so 'n kalfgod gemanipuleer en beheer kan word en nie werklike aanspreeklikheid van ons vereis nie.

Dit is baie makliker om 'n kalfgod te dien as יהוה die Almagtige, want ek kan 'n goue kalf dien soos ek wil, wanneer ek wil en indien ek wil. Ek kan kies watter dag 'n rusdag is, my eie feesdae bepaal en self kies wat rein en onrein is en wat reg en verkeerd is. 'n Kalfgod laat my toe om myself te verryk en dit 'n bediening te noem. Laastens, en die belangrikste, is dat 'n goue kalfgod my altyd goed laat lyk en goed laat voel, want die fokus is op die eie-ek (selfisme, materialisme).

Bill Bullock verduidelik dit soos volg in sy notas van Parashah 21:

Alas Beloved, herein lies a very sad truth. The truth is that there is something about fallen man that will always, if given a choice, choose a god he can mould himself according to his own tastes.

A calf-god does not call upon us to fulfil our potential, does not confront us over luke warmness or complacency – and does not discipline us when we neglect our calling or forsake our destiny. No wonder the former slaves at Sinai wanted a calf-god, Beloved. No wonder most people on earth still do.

Hoewel Yisra'el se bedoelings opreg was, het 'n kalfgod egter die ware God van hulle vaders Avraham, Yitz'gak en Ya'akov vervang. Die ware 'beeld' van יהוה, naamlik Sy Karakter en Outoriteit, was vervang met 'n goue beeld wat soos 'n kalf gelyk het en wat die sintuie bevredig het.

Die vraag wat ons elkeen dus moet vra, is: Het ek dalk 'n goue kalf vir myself opgerig wat die plek van יהוה ingeneem het? Met goeie bedoelings kan ek hierdie kalfgod aanbid en ook 'n altaar bou en 'n feesdag tot sy eer uitroep, terwyl ek egter met afgodery besig is!!

Wil jy weet of jy 'n kalfgod in jou lewe dien? Toets jousef aan die hand van die tien gebooie. Onderhou jy al tien of minag jy byvoorbeeld die vierde gebod van die Shabbat? Is dit jou begeerte om aan al tien gehoorsaam te wees al faal jy soms? Glo jy dat vertrou in Yeshua as dié Gesalfde Een jou nie onthef het van gehoorsaamheid aan יהוה se Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is nie? Indien jy **nie** met 'n besliste sekerheid op al hierdie vrae kan antwoord nie, aanbid jy 'n goue kalfgod!! Dan dien jy nie die God wat jou uit die “Mitzrayim” van sondeslawerny bevry het nie, maar wel 'n goue kalf wat jy vir jousef opgerig het.

Dit beteken dat jy jou eie onpartydige opregtheid opgerig het. En dit is die grootste en mees algemene van al die kalfgode!! Sha'ul het ook hierteen gewaarsku toe hy van sy eie volksgenote gepraat het:

1 My broers, die begeerte van my verstand, wil en emosie en my intrede voor God vir hulle, is vir hulle onthalwe dat hulle gered mag word,

2 want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God in hulle het, maar nie in kennis nie

3 omdat hulle die onpartydige opregtheid van God nie ken nie, maar hulle eie onpartydige opregtheid probeer oprig; daarom het hulle die onpartydige opregtheid van God nie gehoorsaam nie. Rom. 10:1-23

Jy mag wel ywer vir יהוה-God hê, maar sonder die kennis en toepassing van wat die standaard vir Sy onpartydige opregtheid vereis, sal jy verlore gaan. Daarom het Yeshua gesê:

maar soek eerste die Koninkryk van God en Sy onpartydige opregtheid en al hierdie dinge sal ook vir julle bygesit word. Matt. 6:33

Maar onthou ook: Ons moet יהוה se onpartydige opregtheid doen!!

Weer, wanneer die bose oortreder wegdraai van sy boosheid wat hy gedoen het en regverdigheid en onpartydige opregtheid doen, sal hy sy lewe red. Eseg. 18:27.

As die bose egter wegdraai van sy boosheid en regverdigheid en onpartydige opregtheid doen, dan sal hy deur hulle lewe. Eseg. 33:19

Ongehoorsaamheid aan יהוה se onderrig en instruksies soos in Yeshua vervolmaak is, is afgodery en beelddiens – dit is om 'n kalfgod op te rig en te aanbid!!

Bepins of Bespreek

1. Laat ons in hierdie tye die goue gode uit ons lewens verwyder en laat ons nie die woorde van יהוה ons God en Vader vergeet nie toe Hy aan Mosheh gesê het: “*Wie ook al teen My*

gesondig het, dié sal Ek uitvee uit My boek (Ex. 32:33). Maar laat ons ook seker maak dat ons voortdurend dankbaar is vir 'n nie-Levitiese Hoofpriester volgens die orde van Melki-Tzadek – Een wat sit op die regterkant van die troon van HaG'dulah (die Grootheid) in die hemel (Heb. 8:1) – Een wat medelye met ons swakhede het (Heb. 4:15) en Een wat ewige lewe gee aan elkeen wat deur Hom naderkom na God toe (Heb. 7:25). Verwys Heb. 7:23-28.

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.